


# Die Wegvoering van die Bruid van Jesus Christus.



1Thes 4:16 Want die Here self sal van die hemel neerdaal **met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God**; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. \ Eerste opstanding !

1Thes 4:17 Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees.



# Die Wegvoering van die Bruid van Jesus Christus.

By die wederkoms van Jesus Christus moet duidelik onderskei word tussen die twee fases, met 'n tussen tydperk van sewe jaar Antichris regering.

Joh 14:2 In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei.

Joh 14:3 En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is. ( Die Wegvoering )

Die eerste fase van Sy koms wat net voor die verdrukking van 7 jaar sal wees, is bekend as die wegraping of wegvoering, waar Hy "soos 'n dief in die nag" sal kom as die Bruidegom om Sy bruid te kom haal. Net Sy bloedgewaste bruid sal Hom by hierdie geleentheid sien en hoor, want dit sal baie skielik gebeur - "in 'n oomblik en 'n oogwink" Die Griekse woord vir "oomblik en oogwink" is "ATOMOS" wat beteken, ondeelbaar. In wetenskaplike besit is huidiglik 'n horlosie wat 'n sewe-miljoenste van 'n sekonde kan aandui, wat nog nie "ATOMOS" - ondeelbaar is nie.

1Kor 15:51 Kyk, ek deel julle **'n verborgenheid** mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, ( VERHEERLIKTE LIGGAME SOOS JESUS )

1Kor 15:52 in **'n oomblik, in 'n oogwink**, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander

word.



## Die Laaste Basuin.

Die Kerk, of Bruid van Jesus, die Bruidegom, word weggevoer net voor die groot verdrukking en sewe jaar Antichris regering, by die laaste basuin. Wat word dan bedoel by die "*laaste basuin*"?

Die trompet is 'n militêre instrument. Dit was gebruik om die volk bymekaar te roep. By die eerste trompetgeskal, moet die volk gereed maak om te vertrek. Met die blaas van die tweede of laaste trompet moet die volk dus gereed wees om onmiddellik te vertrek.

1Thes 4:16 Want die Here self sal van die hemel neerdaal met **'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God**; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. (Die eerste Basuin.)

Met die eerste basuin, sal almal wat in Christus ontslaap het, se fisiese liggame met hul gees verenig. Met die tweede basuin, sal ons wat in die lewe oorbly (m.a.w. wat nog lewe wanneer Jesus kom) verander word. Ons kry dus 'n verheerlikte liggaam net soos Jesus.

1Thes 4:17 Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees. (Die tweede Basuin.)

Ons sal aan Hom gelyk wees wanneer Hy kom.

1Joh 3:2 Geliefdes, nou is ons kinders van God, en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is.

In die 260 hoofstukke van die Nuwe Testament word 318 keer verwys na die Wederkoms van Jesus.

## Die vyf getuies dat Jesus gaan kom.

- (1) Jesus.
- (2) Die Engele.
- (3) Paulus.
- (4) Die Heilige Gees.
- (5) Die Tekens van die Tye.

## Sy koms sal skielik wees.

Mat 24:27 Want soos die weerlig uit die ooste uitslaan en tot in die weste skyn, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees.

By Sy koms sal dit op sommige dele van die aarde dag wees en op ander dele nag.

Luk 17:34 Ek sê vir julle: In daardie nag sal daar twee op een bed wees; die een sal aangeneem en die ander verlaat word. (**GEREED ! EN NIE GEREED NIE “ LEFT BEHIND “**)

Luk 17:35 Twee vroue sal saam maal; die een sal aangeneem en die ander verlaat word.

Luk 17:36 Twee sal op die land wees; die een sal aangeneem en die ander verlaat word.

**Die boek Openbaring** is in kronologiese volgorde opgestel, met ander woorde, gebeurtenisse volg op mekaar - - hoofstuk vir hoofstuk.

Die Grieks vir Openbaring is "APOKALYPSE" - dit beteken ontsluiting of onthul. Openbaring is dus geen geslote boek nie, maar 'n oop boek. Van die eerste tot derde hoofstukke word 19 keer gepraat van die Kerk. Daarna nie weer nie. Openbaring 4 en 5 is die Kerk in die Hemel.

Openbaring 4, bekend as die wegvoering, begin met hierdie woorde: "Na hierdie dinge...", m.a.w. na die afsluiting van die Kerk by hoofstuk 3, Het ek 'n geopende deur (wegvoering) in die hemel gesien, met 'n stem wat vir my

sê: "Kom op hierheen." Is dit nie miskien die woorde wat die Bruid van Jesus (die Bruidegom) sal hoor nie?

## SPOTTERS

2Pet 3:3 Dit moet julle veral weet, dat daar aan die einde van die dae spotters sal kom wat volgens hulle eie begeerlikhede wandel { PROFESIE REEDS IN VERVULLING }

2Pet 3:4 en sê: Waar is die belofte van Sy wederkoms? Want vandat die vaders ontslaap het, bly alles soos dit was van die begin van die skepping af.

Net soos hulle in die dae van Noag gespot het met die ark van beskerming, word daar vandag gespot met die wegvloering. { THE PIE IN THE SKY FILOSOFIE }

Spr 3:34 As dit spotters betref, spot Hy, maar aan die ootmoediges gee Hy genade.

## LASTERLIKE UITLATINGS WAT ALREEDS GEMAAK IS.

1. Dié wat wag op die wegvloering is mense wat wag by 'n bus-stop vir 'n Putco-bus wat nooit sal opdaag nie.
2. Ons sit glo op 'n "rocking chair" en wag dat die fluitjie moet blaas. { "THE PIE IN THE SKY FILOSOFIE" }

## DIE TWEEDE FASE VAN SY KOMS

Aan die einde van die sewe jaar Antichris-regering [Openb 1:7 Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deurstek het; en al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf; ja, amen!] waar elke oog Hom sal sien, die hele wêreld.

Openb 19:11 Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was **'n wit perd**, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid.

Hier kom Jesus met Sy bruid wat Hy sewe jaar gelede kom haal het.

Waar in die Bybel word daar van die \ wegvoering  
wegrapping gepraat ?

Joh 14:3 En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer  
en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is.  
Die Griekse woord vir "neem" is "PARALÉPSOMAI", wat be-  
teken "Ek sal deur geweld wegneem." 'n Letterlike vertaling  
van hierdie gedeelte sou dus wees: "Ek sal weer kom en jou  
deur geweld wegneem vir myself."

Paralépsomai = neem met geweld !!!

Wie wil Hy deur geweld wegneem ?

Die gelowiges (die wat glo) Joh 14:1 Laat julle hart nie ontsteld  
word nie; glo in God, glo ook in My.

Christus sal dan weer kom en Sy heiliges wat in Hom glo  
wegneem met geweld.

Handelinge 1:10 & 11 bevestig dit. En toe hulle nog stip na die  
hemel kyk terwyl Hy weggaan, staan daar twee manne in  
wit klere by hulle,

wat sê: Galilése manne, waarom staan julle en kyk na die he-  
mel? Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die he-  
mel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien  
wegvaar het.

1 Thes 4:15-18 vertel vir ons hoe Christus vir Sy heiliges, sowel  
die lewendes as die dooies, sal kom.

1Thes 4:16 Want die Here self sal van die hemel neerdaal  
**met 'n geroep**, met die **stem van 'n aartsengel** en met ge-  
klank van die basuin van God; en die wat in Christus  
gesterf het, sal eerste opstaan.

1Th 4:17 Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met  
hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die  
lug; en so sal ons altyd by die Here wees. \ DIT IS N BELOFTE !

Let daarop dat al die heiliges (die Kerk)  
d.w.s. sowel die lewendes as die dooies,  
opgeraap word, "die Here tegemoet in  
die lug;"



Ons glo dit beteken dat slegs die heiliges  
(Christus se ware kerk) Hom met Sy eer-  
ste koms sal sien, want dan kom Hy nie

na die aarde toe nie. Die heiliges sal opgeneem word;  
om Hom in die lug te ontmoet. Wanneer Christus ná  
die verdrukking met al sy engelmagte na hierdie aarde  
terugkeer, "sal elke oog Hom sien," (Openb. 1:7)  
Hierdie werkwoord "weggevoer word"  
(arpagésometha) beteken om vinnig en skielik wegge-  
ruk te word, en dit is die presiese betekenis van ons  
woord "Wegvoering \Wegraping" wat van die Latynse  
woord "rapio" - afkomstig is.

Arpagésometha: eerste persoon meervoud en passiewe  
toekomende tyd van

arpazo: Ek gryp vinnig of skielik

Rapio: Ek gryp vinnig of skielik.

Laat ons nou kyk na Matt 24

Mat 24:37 En net soos die dae van Noag was, so sal ook die  
koms van die Seun van die mens wees.

Mat 24:38 Want net soos hulle was in die dae voor die  
sondvloed toe hulle geëet en gedrink het, getrou en in die  
huwelik uitgegee het, tot op die dag dat Noag in die ark  
gegaan het, ( Gen 6:11 VOL GEWELD EN VERDORWE )

Mat 24:39 en dit nie verstaan het voordat die sondvloed gekom  
en almal weggevoer het nie, so sal ook die koms van die  
Seun van die mens wees.

Mat 24:40 Dan sal daar twee op die land wees; die een word  
aangeneem (paralambanetai) en die ander word verlaat.

Mat 24:41 Twee vroue sal by die meul maal; die een word



aangeneem (paralambanetai) en die ander word verlaat.  
Mat 24:42 Waak dan, omdat julle nie weet watter uur julle Here kom nie.

Ons weet dat die een wat hier met geweld weggeneem word (Paralambanetai), verwys na die heiliges, want dit is die Griekse woord wat Christus ook in Johannes 14:3 gebruik wanneer Hy sê: "kom Ek weer en sal julle na My toe neem" Die werkwoord in Johannes 14:3 is "paralèpsomai", die toekomstige tyd, eerste persoonsenkelvoud van "paralambano". Dit is dus dieselfde werkwoord wat elke keer in Matt 24:40-41 gebruik word.

Alle Griekse geleerdes is dit eens dat Matt 24:40-41 verwys na "die wegneming deur geweld" van die heiliges om die Here in die lug te ontmoet, omdat dit die gebruik is van dieselfde werkwoord in sowel Joh 14:3 as Matt 24:40-41.

Lukas 21:34-36 praat ook van Christus se wederkoms vir sy heiliges:

Luk 21:34 Maar pas op vir julleself, dat julle harte nie miskien beswaar word deur swelgery en dronkenskap en sorg van die lewe nie, en dié dag (die groot verdrukking) julle nie skielik oorval nie.

Luk 21:35 Want **soos 'n strik** sal hy kom oor almal wat op die hele aarde woon.

Luk 21:36 Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan.

Let op na die woorde "te ontvlug" wat in die Grieks "ekphugein" is. "Phugein" alleen - beteken "om te ontsnap", maar "ekphugein" beteken "om heeltemal weg te ontsnap van ..."

Let ook op die woorde, "om al hierdie dinge wat kom." Dit is die Griekse uitdrukking vir "ta mellonta."

Ekphugein: Te ontvlug. Om heeltamal weg te ontsnap.  
Om skoon weg te vlug van.

Phugein: Om te ontsnap.

Ta Mellonta: Om al hierdie dinge wat kom.

Laat ons nou letterlik hierdie vers lees. (Luk 21:36) "Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan."

Dis 'n duidelike waarskuwing vir Christus se heiliges om gereed te wees vir Sy wederkoms, want Hy is van voorneme om hulle heeltamal weg te neem, net voordat die groot verdrukking plaasvind.

Paulus vertel ons ook in Fil 3:20-21 van Christus se wederkoms vir Sy lewendige heiliges: Want ons burgerskap (poli teuma) is in die hemele, vanwaar ons ook as Verlosser verwag (apekdechometha) die Here Jesus Christus, wat ons vernederde liggaam van gedaante sal verander, om gelykvoornig te word aan sy verheerlikte liggaam volgens die werking waardeur Hy ook alles aan Homself kan onderwerp. Apekdechometha: Ons wag vir.

In 1 Kor 15:51-52 vertel Paulus weer van ons Here se wederkoms vir sy heiliges, sowel dié wat nog lewe, as dié wat reeds gesterf het: "Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap (doodgaan) nie, maar ons sal almal verander word, in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word." Dit is ook die boodskap van Openb. 3:10 "Omdat jy die woord van my lydsaamheid bewaar het, sal Ek jou ook bewaar in die uur van beproewing (peirasmos) wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel." Die "jy" in hierdie vers verwys na die lede van die gemeente van



1Thes 4:16 Want die Here self sal van die hemel neerdaal met **'n geroep**, met die **stem van 'n aartsengel** en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. [ DIE EERSTE OPSTANDING Opb 20:6 ]

1Thes 4:17 Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees. \Ons wat nog sal lewe !!

Filadelfia, wat hier dui op ál die ware heiliges van God wat nou op die aarde is. Die gemeente van Filadelfia sal daar wees reg op die presiese oomblik waarop die groot beproewing of verdrukking, wat die hele bewoonde aarde sal bedek, gaan aanbreek. Ons weet dit omdat 'n letterlike vertaling van Opb 3:10 só sou lyk: " ..... sal Ek jou (die gemeente van Filadelfia) ook bewaar uit die uur (ek tès horas) van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel."

Ek: uit

Tès: die

Horas: uur.

Dit sê duidelik vir ons dat Christus nie hierdie gemeente van Filadelfia in die wêreld sal hê op die tyd of uur van hierdie groot verdrukking, wat die hele aarde sal bedek nie. Dit is bestem om verwyder te word voordat die groot beproewing aanbreek. Die KJV sê: "I will keep you from the hour of ....."

Openb. 3:10 stel dit baie duidelik dat die gemeente van Filadelfia hier op die aarde sal wees totdat die groot verdrukking op die punt staan om te begin. Christus sal dit dan uit die wêreld wegneem na sy eie geseënde teenwoordigheid, soos wat Luk 21:36 voorspel. Dan in die laaste dae net voordat die groot verdrukking begin, sal daar twee groot gemeentes op hierdie aarde wees, naamlik die gemeentes van Filadelfia en Laodicéa. In Openb 2 en 3 het ons die briewe aan die sewe gemeentes.

Hoewel hierdie briewe geskryf is aan die sewe gemeentes van die eerste eeu, weet alle geestelike studente dat elkeen van die gemeentes verteenwoordigend is van een van die sewe periodes van die kerkgeskiedenis vanaf die tyd van Christus tot en met die wegraping van die kerk.

Filadelfia. Hierdie woord kom van "phileo" en "adelphos". Dit verteenwoordig die kerkperiode waarin openlik uiting gegee is aan broederliefde. Hierdie kerkperiode strek vanaf die tyd van Wesley tot en met die wegraping van die heiliges, soos wat Openb 3:10 ons verseker.

Phileo: Ek het lief.  
Adelphos: 'n broer.

Laodicéa. Die woord kom van "laos", die mense, en "dikè", reg. Gedurende hierdie periode sal mense die reg eis om God en sy geïnspireerde Woord te kritiseer. Hulle sal weier om enige lering van die Here Jesus te glo wat nie die goedkeuring van hulle eie intellek wegdra nie. Hierdie kerkperiode sal ook strek tot en met die wegraping.

Laos: Die mense  
Dikè: Reg

Die kerk van menseregte.

Openb 3:10 bewys dat die heiliges van die Filadelfiagemeente opgeneem sal word net voor die groot verdrukking begin. As dit waar is, wat sal dan van die gemeente van Laodicéa word? Hierdie kerk, so glo ons, sal agtergelaat word om deur die vreeslike verdrukking te gaan.

Waarom dink ons so?

1. Omdat die Here in Openb. 3:16 vir hierdie valse kerk sê: "...sal Ek jou uit my mond spuug."  
In Openb 3:17 sê HY, "...dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is."  
In Openb 3:20 stel Christus Homself weer voor as Een wat aan die deur van sy kerk klop. Dit beteken dat hierdie hele kerk Christus buite sal los en sonder Hom sal aangaan.

Dit verduidelik waarom ons in Openb 3:14 lees: "En skryf aan die engel van die gemeente van die Laodicense." By die ander gemeentes se briewe word daar gesê: Skryf aan die gemeente IN Efese, IN Smirna, IN Filadelfia, ens., maar in vers 14 lees ons: "die gemeente VAN Laodicense" Hierdie valse kerk wat net voor die verdrukking hoogty sal vier, sal Christus van hulle kansels verwyder, en sal geheel en al bestuur word deur die mense self. Dit is waarom Christus hulle "die kerk van die Laodicense" noem. Hy erken hier dat die laaste gemeente glad nie aan Hom sal behoort nie, omdat Hy uitgewerp sal word en die mense tenvolle in beheer sal wees.

2. In Openb 3:18 sê Christus: "Ek raai jou aan (gemeente van Laodicéa) om van My te koop ...wit klere, dat jy jou kan aantrek." Hierdie "wit klere" glo ons is die geregtigheid van die heiliges van wie ons in Openb 19:8 lees - dit is die enigste klere wat aan ons 'n plek by die bruilofsmaal kan verseker. Omdat hierdie gemeente nie die wit klere het wat aan elke wedergebore Christen gegee word nie, weet ons dat sy lede almal ongered is.
3. Ons is seker dat hierdie valse kerk deur die verdrukking sal gaan, want sy naam sê dit vir ons. Die gemeente van menseregte. In hierdie kerk sal die mense dus op hulle regte staan, en weier om hulle lewens en hulle gedrag te laat reguleer deur Christus en sy Woord. Hulle sal die reg eis om Christus se leerstellings te kritiseer. Vir hulle sal Hy maar net 'n goeie man wees en nie eers naastenby so geleerd of wetenskaplik as die mense van hulle eie tyd nie. Die storie van sy maagdelike geboorte sal vir hulle 'n mite wees, wat geglo sal word deur die gedagtelose en die onintellegente mense.

So ver sal hierdie modernistiese gemeente van Laodicense gaan in die verwerping van Christus en sy Woord (behalwe natuurlik waar sy Woord toevallig saamstem met die sienings van hulle intellektuele reuse) dat hulle letterlik die Here Jesus Christus uit hulle kerk sal gooi.

Let wel: Dit is presies wat vandag in die kerke wêreld gebeur!!

Lees weer Openb 3:20: "Kyk Ek (Christus) staan by die deur (van die gemeente van Laodicense) en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My."

Let op na die woorde wat hier vir "hoor" en "oopmaak" gebruik word. Dit lees letterlik só: "As enige mens my stem mag hoor en die deur mag oopmaak." ens. Die gebruik van "as" met die aanvoegende wyse, dui sterk daarop dat Christus nie verwag dat baie van die gemeente van die Laodicense die deur van hulle harte vir Hom sal oopmaak of Hom sal toelaat om in te kom en hulle te verlos nie. Hierdie vers bewys dus oortuigend dat die Here werklik sy beste sal doen om alle individue in hierdie gemeente van Laodicense te verlos, daarom doen Hy alles in sy vermoë om hulle te beïnvloed om Hom in hulle harte te ontvang. Wat 'n Verlosser!

Die meeste van vandag se kerke is soos die Laodicense, omdat hulle regeer word deur die mense, en nie deur die Woord van God nie. Waarom maak ons so 'n bewering? Omdat meeste kerke vandag oorgegaan het na die modernisme en dit beteken inderdaad dat hulle oorgegaan het na die gemeente van die Laodicense.

De Haan skryf; The door is shut to Him, and the place He should occupy has been taken by social service, the social gospel, banqueting and feasting, bloodless preaching, and denial of His deity, atonement, resurrection and coming again.

Openbaring 3 eindig met 'n toe deur en Jesus Christus wat buite staan en klop. Maar Openbaring 4 begin met n oop deur in die Hemel waardeur Jesus kom om Sy Bruid te kom haaal. Die einde van hoofstuk 3 is ook die einde van die Kerk - tydperk en die teken van die Wegvoering wat gaan plaasvid. Daarom lees ons in Opb 4 "Na hierdie dinge het ek gesien - kyk, 'n geopende deur in die Hemel, en die eerste stem wat ek soos 'n Basuin met my hoor spreek het, het gesê: **KOM OP HIERHEEN**, en Ek sal jou toon wat na hierdie dinge moet gebeur." "Na hierdie dinge" (Meta - Tauta) m.a.w. NA die Kerkperiode. Opb 1-3 word 19 keer gepraat van die Kerk, dan nie weer voor Opb 19 nie. Na Opb 3 kry jy nie weer die woord "Kerk" of "Gemeente" nie - want die Kerk is Weggevoer na die Hemel. { DAKES ANNOTATED REFERENCE BIBLE. }

Die woord "**WEGGEVOER**" in 1 Thes 4:17 ([Harpazo in Grieks](#)) beteken om vinnig weggeruk te word. Hierdie woord word dan ook gebruik om die aksie te beskryf wanneer n arend sy prooi gryp en vinnig daarmee wegvlieg.

Die bewering deur sommige kritici dat die woord "Wegraping" nie in die Bybel voorkom nie, is dus van alle waarheid ontbloot. **Die woord "HARPAZO" kan vertaal word as (1) Wegvoer. (2) Wegraap. (3) of vinnig wegruk. "HALLELUJA"**

## Die eerste Opstanding.

Open 20:6 Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood (die Hel) geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank.

Die eerste opstanding het dan drie fase:

(1) Toe Jesus aan die kruis gesterf het:

Mat 27:51 En kyk, die voorhangsel van die tempel het in twee geskeur, van bo tot onder, en die aarde het gebewe en die rotse het geskeur;



Mat 27:52 en die grafte het oopgegaan en baie liggame van die ontslape heiliges het opgestaan. [ou testamentiese heiliges]

(2) Wanneer Jesus nou kom:

1Thes 4:16 Want die Here self sal van die hemel neerdaal **met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank** van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. [ nuwe testamentiese heiliges ]

(3) Die Martelare aan die einde van die sewe jaar Antichris regering:

Open 6:9 En toe Hy die vyfde seël oopgemaak het, sien ek onder die altaar die siele van die wat gedood is ter wille van die woord van God en die getuienis wat hulle gehad het.

Open 6:10 **En hulle het met 'n groot stem uitgeroep en gesê:** Hoe lank, o heilige en waaragtige Heerser, oordeel en wreek U nie ons bloed op die bewoners van die aarde nie?

Open 6:11 En aan elkeen van hulle is wit klere gegee; en **aan hulle is gesê dat hulle nog 'n klein tydjie moes rus tot** dat ook hulle medediensknegte en hulle broeders wat nog gedood sou word soos hulle, voltallig sou wees.

## DIE GUNSTIGE TYD, OM UIT DIE OM UIT DIE SLAAP UIT WAKKER TE WORD !!!

Rom 13:11 En dit te meer, omdat ons die tydsomstandighede ken, dat die uur vir ons reeds daar is om uit die slaap wakker te word; want die saligheid is nou nader by ons as toe ons gelowig geword het.

Rom 13:12 Die nag het ver gevorder en dit is amper dag. Laat ons dan die werke van die duisternis aflê en die wapens van die lig aangord.

Openb 22:20 Hy wat dit getuig, sê: Ja, Ek kom gou.  
Amen, ja kom, Here Jesus!

# Koerantberig.

Rapport 16 Aug 1992

## 'n Hemelse koor sing

'N GROEPIE Amerikaanse ruimte-wetenskaplikes van Nasa kon hul ore nie glo toe hulle na 'n band luister wat deur 'n satelliet teruggesein is nie. Dit het komplete geklink soos 'n hemelse koor wat sing.

En die koorsang van sewe minute op die band kom uit die nuwe reusagtige sogenaamde "swart gat" in die buitenste ruimte wat verlede jaar deur die Hubble-ruimteteleskoop ontdek is.

Hierdie "swart gat" is in die M 51-sterrestelsel, sowat twintig miljoen ligjare van die aarde af.

In geheime memorandumms wat by Nasa se hoofkantoor in Washington uitgelek het, word beweer dat net 23 mense, onder wie pres. George Bush, van hierdie "koor"-bande weet.

Op die bande word glo die "hemelse sang van derduisende stemme" gehoor.

Singende engele, glo een van die mense wat na die band geluister het. En voeg by dat hy wonder of die "swart gat" in die M 51-sterrestelsel nie dalk die poort na die hemel is nie . . .

Hy sê nadat die Hubble-teleskoop die "swart gat" ontdek het, het Nasa besluit om 'n gesofistikeerde satelliet met 'n radioteleskoop op die gebied te fokus om radiogolwe te probeer opspoor. Dis toe dat hierdie "koorsang" opgeneem is.

## DIE GROOT OPENING IN DIE NOORDE.

### (AMERIKAANSE WETENSKAPLIKES)

John Morstad rapporteer deur middel van die Herold of Hopenydskrif, van die wonderteken wat onlangs in die Noordelike sterreheem en wel in die Orion waargeneem word. Volgens die sterrekundiges is die aanskoulikheid daarvan só aangrypend dat dit hierdie wetenskaplikes, waarvan sommige ongered is, laat voel of hulle in die teenwoordigheid van 'n Almagtige en Grote God verkeer. Hulle is nie een in staat om 'n woordelike weergawe te gee van wat hulle presies gewaar het nie. Dit kom egter daarop neer dat daar deur spesiale groot lense gewaar word dat daar massiewe hemelkamers in die Orion skuil, diep in die noordelike hemelruim. Daar is pilare wat skuins staan, helder riviere wat vloei en ook plekke wat lyk asof hulle van pèrels gemaak is. Daar is ook glinsterende diamantgange te sien.

Die sterrekundiges stem ooreen dat dié wonderlike verskynsel 'n feit is en dat die prag daarvan nie in woorde oorvertel kan word nie. Die opening in die Noorde is só reusagtig dat daar glo driehonderd

duisend van ons eie planeet daarin kan inpas, plus nog die son en dan is daar nog baie ruimte oor. Wat 'n Wonder-God wat die sterre geskep het! Wat deur hierdie sterrekundiges gesien word strook ook met wat ons lees in Job 26:7 "Voor Hom wat die Noorde uitspan oor die chaos, wat die aarde ophang oor 'n niks." { 2 Kor 12:3 (b) Weggeruk is tot in die 3 de HEMEL }

Professor Larkin van Mt Lowe, Observatory verklaar dat die foto's 'n onbeskryflike en diepliggende hemelprag openbaar. Hy sê dat die pen van die skrywer en die kwas van die kunstenaar onbekwaam is om die prag daarvan te weergee. So iets is nog nooit tevore op die aarde gesien nie, maar is wel daarbo, in die astronomiese sfeer in die Noorde, sigbaar. Is dit dan nie ook wat Lucifer begeer het, om in die Noorde te sit nie? \ 3 de HEMEL !!!

Jes 14:12-14 Hoe het jy uit die hemel geval, o mōrester, seun van die dageraad! Hoe lê jy teen die aarde neergeslaan, oorweldig van die nasies! \” LUCIFER” SE GROOT VAL, Luk 10:18

(13) En jy het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die hemel, my troon verhef bo die sterre van God en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die Noorde.

(14) Ek wil klim bo die hoogtes van die wolke, my gelykstel met die Allerhoogste!

Dan weer skets Psalm 48 die Godstad van die Groot Koning aan die noordekant.

Psa 48:1 **‘n Lied. ‘n Psalm van die kinders van Korag.**

(vers 2) Die HERE is groot en baie lofwaardig in die stad van onse God, sy heilige berg!

(vers 3) Skoon deur sy verhewenheid, die vreugde van die hele aarde is die berg Sion, aan die noordekant, die stad van die groot Koning!

(vers 4) **God het Hom in sy paleise bekend gemaak as ‘n rotsvesting. { DIE bybel “lokaliseer” dus die 3de hemel in die NOORDE}**

Alle Christene verlang na daardie Godstad - met die toename van kennis op die aarde, wonder 'n mens of God in al sy liefde nie miskien besig is om die sluier van sy Heerlikheid so effens te begin lig nie? Is dit dan nie hoog tyd om een en almal vas te anker aan Hom wat vir ons 'n heerlike hemelwoning voorberei het nie? Laat elkeen trag om opreg te wandel voor God, want die dae is boos en die tyd word korter. { JESUS GAAN KOM !!! }

Hand 4:12 En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook **geen ander naam (Jesus Christus)** onder die hemel wat onder die mense gegee is, **waardeur ons gered moet word nie.** \Joh 14:6 **Jesus is middelaar**

Rom 13:11 En dit te meer, **omdat ons die tydsomstandighede ken, dat die uur vir ons reeds daar is om uit die slaap wakker te word**; want die saligheid is nou nader by ons as toe ons gelowig geword het.

Rom 13:12 **Die nag het ver gevorder en dit is amper dag.** Laat ons dan die werke van die duisternis aflê en die wapens van die lig aangord. \ **MARANATA !**



Openb 22:12 En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees.

Openb 22:20 Hy wat dit getuig, sê: Ja, Ek kom gou. **Amen, ja kom, Here Jesus !**

Open 3:20 Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.



### Jesus se uitnodiging !!!!!

1Joh 1:9 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig. \ Psm 38:19(b) Ek is bekommerd oor my sondes !!!

Tussen die hemel en die hel **is daar 'n kloof**—die kloof van die ewigheid. Hierdie kloof is onoorbrugbaar. Tussen die **hemel en die aarde is daar ook 'n kloof**—die kloof van tyd. Hierdie kloof is egter oorbrugbaar deur die **bloed van Jesus Christus**. U sal eendag self voor God moet staan en rekenskap gee van u lewe. U sal nie kan sê dat u nie geweet het nie.

Joh 12:48 Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag. \ Han 17:30 onkunde oorgesien

Jes 1:18 Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.

Amos 4:12 .....—maak jou klaar om jou God te ontmoet, ... [ MARANATA JESUS IS OPPAD !! AMEN ]

Saamgestel deur:

Past Willie Horne  
Posbus 872  
KLEINBRAK  
6503

(044) 696-5891

Epos: [konanja333@gmail.com](mailto:konanja333@gmail.com)  
Webtuiste: [www.ramshoring.co.za](http://www.ramshoring.co.za)

Indien u enige berading, geestelike hulp of gebed benodig, kan u ons kontak by bogenoemde kontak besonderhede.

## Die Here seën U !!!



As ons ontmoet en jy vergeet ons, het jy niks verloor nie, maar as jy **Jesus Christus** ontmoet het en jy vergeet **Hom**, het jy alles verloor.

